higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 4

(11020304)

3 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

282Q1N2003

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 … vervoerdienste vervoer gewoonlik een of 'n paar mense op 'n keer

A Kontrak
B Algemene
C Private vrag
D Privaat

1.2 … koste sluit koste of aktiwiteite in wat vir 'n sekere projek dieselfde bly.

A Vaste indirekte
B Produksie
C Administratiewe
D Vaste direkte

1.3 Die aantal passasiers of die hoeveelheid goedere wat vervoer kan word:

A Intermodale
B Modale
C Bottelnek
D Kapasiteit

1.4 Goedere of produkte wat as vrag vervoer word:

A Netwerk
B Tegnologie
C Kapitaal
D Kommoditeit

1.5 Sentrale eienskap van intermodale vervoer:

A Veiligheid
B Doeltreffendheid
C Metode van vervoer
D Vraghouers

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Transaksiekoste sluit die vervoer van passasiers of goedere in by koste soos regskoste en versekering.

2.2 Vraag verwys na die hoeveelheid goedere en dienste wat verskaffers van plan is om oor 'n spesifieke periode aan 'n spesifieke mark beskikbaar te stel.

2.3 Voorbeelde van elastiese goedere en dienste sluit meubels en motorvoertuie in.

2.4 'n Beperking van watervervoer is stadige toeganklikheid.

2.5 Pendelaars stap van landelike gebiede na die stede waarin hulle werk.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Soort kommoditeit	A	spitsvraag
3.2	Gehalte van goedere wat maatskappye teen 'n sekere prys kan verkoop	B	verkeerskalmering
3.3	Groot vraag na vervoerdienste	C	verkeersveiligheid
3.4	Vervoerbestuurstrategie wat die spoed van voertuie in stedelike areas verminder	D	aanbod
3.5	Hoeveelheid wat die interaksie van twee verskillende parameters verteenwoordig en vergelyk	E	vraghouers
		F	koers

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 … sluit jaarlikse registrasiefooie en die koste van bande in.

4.2 … is die prys waarteen verskaffers van vervoerdienste bereid is om hul dienste teen 'n wins te verkoop en wat verbruikers van vervoer bereid is om vir die vervoerdiens te betaal.

4.3 … is die funksie wat alle relevante faktore wat 'n invloed op die prys van vervoer het in ag neem.

4.4 … is die prys wat motorbestuurders betaal vir die gebruik van 'n sekere pad, snelweg of gebied.

4.5 'n ... is 'n groep of 'n persoon wat 'n sterk belangstelling het in 'n projek en die werking daarvan.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Definieer die term *vaste koste*. (2)

5.2 Verduidelik DRIE soorte vaste koste in die vervoerbedryf. (3 × 2) (6)

5.3 Onderskei tussen *direkte koste* en *indirekte koste* in die vervoerbedryf en gee EEN voorbeeld van elk. (3 + 3) (6)

5.4 Noem SES toestande wat vervoerkoste beïnvloed. (6)

5.5 Verduidelik DRIE hoofvorme van regulasies wat die strukture en entiteite by die bepaling van belasting beïnvloed. (3 × 2) (6)

[26]

VRAAG 6

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Die bestaan en inkomste van 'n vervoerdiensverskaffer hang af van die vraag na die dienste wat hy lewer. Op sekere faktore wat die vraag na vervoerdienste beïnvloed, het verskaffers geen invloed nie, terwyl hulle ander faktore kan beïnvloed.

6.1 Noem VIER faktore in die vraag na vervoer waarop vervoerverskaffers geen invloed het nie. (4)

6.2 Onderskei tussen *maatskaplike koste*, *eksterne koste* en *interne koste*. (3 × 2) (6)

6.3 Bespreek TWEE hoofkategorieë vervoerverskaffing. (2 × 3) (6)

6.4 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Die vervoeraanbod word grootliks beïnvloed deur knelpunte/bottelnekke wat dienste vertraag, vervoerkoste verhoog en die keuse van die soort vervoer beïnvloed. 'n Storm of padongeluk kan ook 'n bottelnek in die vervoernetwerk veroorsaak.

[Bron: *www.arrivealive.co.za*]

6.4.1 Definieer die term *bottelnek/knelpunt* in die vervoerkonteks. (2)

6.4.2 Noem en verduidelik DRIE belangrike knelpunte in vervoer. (3 × 3) (9)

[27]

VRAAG 7

7.1 Verduidelik die volgende strategieë vir die bestuur van vervoer en gee EEN voorbeeld van elk:

7.1.1 Verbetering van openbare vervoer (2 × 2) (4)

7.1.2 Verbetering van voetgangerareas (2 × 2) (4)

7.2 Noem SES organisasies wat die internasionale handel reguleer. (6)

7.3 Verduidelik TWEE doelwitte van die Internasionale Maritieme Organisasie. (2 × 2) (4)

7.4 Definieer die term *handelsbalans*. (2)

7.5 Waarvoor staan die akroniem SAMSA? (1)

Kopiereg voorbehou

7.6 Noem EEN verantwoordelikheid van elk van die volgende agentskappe:

7.6.1 Lughawensmaatskappy van Suid-Afrika (ACSA)

7.6.2 Padongelukkefonds (RAF) 

7.6.3 Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk (SANRAL)

(3 × 2) (6)
[27]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou